BURGER (Kaap), Leefstyl
14 Sep 2011, p.5

Ruil lemoenskil vir gladde voorkoms

SHANTEL MOSES

Elke vrou sal een of ander tyd voor die spieël staan en selluliet in die gesig staar.

Selluliet is wanneer oortollige vetselle onder die vel saam groepeer en teen die bindweefsel opstoot. Dit veroorsaak dan verharding in die bindweefsel.

"Hierdie verskynsel is meestal as gevolg van swak sirkulasie en 'n wanbalans in estrogeenvlakke. Die voorkoms hiervan word algemeen as lemoenskil-vel beskryf.

Geen vrou is immuun teen die voorkoms van selluliet nie en geen vrou hoef hiermee saam te leef nie.

Endermologie word internasionaal in die bedryf van skoonheid, gesondheid en welsyn gebruik en kan selluliet iets van die verlede maak.

Endermologie manipuleer die liggaam se bindweefsel en het 'n ferm, soepel en gladder vel tot gevolg. FOTO: ENDERMOLOGIE WINELANDS

Volgens dr. Maureen Allem, van die Skin Renewal-kliniek in Claremont, is endermologie 'n nie-indringende behandeling wat die bindweefsel manipuleer en selluliet vermin-der. Dit help ook met verslanking en kan as 'n teenmiddel teen veroudering dien.

HOE PRESIES WERK DIE BEHANDELING?

Volgens me. Annelize Brand van die endermologie-kliniek, Endermologie Wineland, word die bindweefsel gemanipuleer deur twee rollers wat in dieselfde of teenoorgestelde rigting met 'n suigaksie beweeg.

"Endermologie is die mees revolusionêre sellulietbehandeling ter wêreld. Die woord endermologie is afkomstig van die Franse woord vir 'deur die vel'."

Brand sê by hulle kliniek berei hulle pasiënte voor vir liposuiging.

"Ná hul prosedure kom hulle weer terug na ons sodat ons kan help met die verferming en herstelperiode. Hiervoor gebruik ons endermologie."

Endermologie word reeds meer as 20 jaar in Suid-Afrika gebruik. Brand sê endermologie is in 1984 deur Louis Paul Guitay begin.

Allem noem dat endermologie tans in meer as 95 lande beoefen word. Sowat 110 000 behandelings word per dag wêreldwyd uitgevoer.

"Afhangende van jou ouderdom, liggaamsvorm, tipe selluliet en die graad daarvan, het jy ten minste 15 tot 20 behandelings van endermologie nodig. Die behandeling sluit een of twee sessies per week van 35 tot 45 minute in," meen Allem.

Standaardkoste is R230 per sessie.

DIE RESULTAAT

Brand sê die resultate van die sessies sluit verlies van sentimeters in.

"Die vel is meer soepel en sirkulasie is tot 400% beter vir 'n tydperk van agt tot 12 ure na 'n behandeling. Dit lei tot drastiese sellulietvermindering en 'n stralende, sagter, gladder vel."

Die sessies verbeter ook die vel se tekstuur, bevorder resultate vir lipo-suiging en dreineer oortollige water in die metaboliese afvalprodukte, noem dié kenner.

Brand sê feitlik enige persoon is geskik vir endermologie-behandeling.

"Hoewel dit pynloos is en geen newe-effekte het nie (behalwe dat dit ligte bloukolle en teerheid veroorsaak deur die hoë intensiteit van die behandeling), word dit nie aanbeveel vir swanger vroue nie.

"Persone met kanker en persone op bloedverdunningsmedikasie soos Warferan en Hyperen mag ook nie die behandeling ondergaan nie."